
# Tema 8: Besoedeling en Herwinning

## Week 4

Besoedeling: Bespreek die prente met jou maat.





Datum: ______________

## Die Lappop

Bettie Mishieker

1. Iemand het 'n lappop,
op die ashoop weggegooi.
Sy was gedaan en stukkend,
verbleek en nie meer mooi nie.
Op die ashoop hoor
sy stemme praat
en die verwelkom haar. . .
Maar O, ellende toe sy kyk,
wat sien die lappop daar . . .



Refrein:

Net 'n vrot pampoen en 'n stukkende skoen,
'n gramofoonplaat en 'n kous sonder maat;
net 'n leë bottel bier, 'n verlepte angelier,
'n gelapte binneband en 'n ou koerant.

2. Ag hoe droewig voel die lappop
Toe sy alleen daar lê . . . .
Want sy weet dat niemand ooit vir haar,
vir lappop weer wil hê nie . . . .
'n Traan loop oor haar lappop-wang
want dit begin te reën . . . .
en daar lê sy, ou lappoppie
op die ashoop so alleen . . . .

Met 'n . . . . Refrein

3. "Ag Nee wat" sê die lappop
"Ek soek 'n ander oord,
wat sal die wêreld van my dink,
want soort, jy weet, soek soort . . . ."
Ag almal wil vir lappop troos
en soebat sy moet bly . . . .
Hulle sê dis die mooiste ashoop die
wat 'n mens nog ooit kan kry . . . .

Met 'n . . . . Refrein

4. Al die goeters op die ashoop
hou vergadering
en besluit vir lappop te bekroon
as die ashoop koningin . . . .
Van toe af bly die lappoppie
so trots tevrede daar,
en al die onderdane
bedien getrou vir haar . . . .

Laaste Refrein
Ja die vrot pampoen en die stukkende skoen,
die grammofoon plaat en die kous sonder maat,
Ja die leë bottel bier, die verlepte angelier,
die gelapte binneband en die ou koerant!

Lees die woorde van "Die Lappop" en voltooi die opdrag:

1. Gee vier woorde wat die lappop beskryf:

_______________ _______________

_______________ _______________

2. Noem agt goed wat op die ashoop lê:

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

3. Hoekom dink jy soek sy 'n "ander oord"?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Datum: ____________

**Die vuil meer** G. Rossouw

Klein druppeltjie water se hart is seer,
Sy't beland in 'n baie vuil meer.
Sy kyk na die wolkie bo in die lug
en wens sy kan weer daarheen vlug.

Dan hoor sy mense naby praat
Twee manne vra mekaar se raad.
Iets moet gedoen word aan die meer,
om hierdie besoedeling te keer.

Toe begin druppeltjie se oë te brand,
en vinnig vlug sy na die meer se rand.
die chloor sal al die kieme dood
so verlig ons mens en dier se nood.

- Leer die woorde van die gedig.
- Teken die gedig by kreatiewe werk.

Datum: ____________

**Morsjors**

As jy ooit 'n morsjors kry.
Loop tog nie by hom ____________
Oral lê papiere rond
Koeldrankblikkies op die ____________
As jy hier wil woon
hou die plek dan ____________

- Voltooi die rympie.

My eie ressensie

Datum: ____________

Skryf oor 'n boek wat jy gelees het. Hierdie woorde sal jou help. Wie, wat, waar, wanneer.



Afkortings Datum: ____________

- 'n Afkorting word gebruik om 'n woord korter te skryf.
- Alle afkortings het 'n punt behalwe wiskundige afkortings.
- 'n Naam word met 'n hoofletter geskryf, ook as dit 'n afkorting is.

Soek die afkorting wat pas in die woordbank.

meneer ____________
mevrou ____________
juffrou ____________
dokter ____________
kaptein ____________
professor ____________
straat ____________
president ____________
Suid-Afrika ____________

mnr. dr.
prof. mev.
juf. str.
S.A. kapt.
pres.

asseblief ____________
minuut ____________
rand ____________
Desember ____________

min. Des.
R. asb.

Skryf twee sinne. Gebruik twee afkortings in elke sin.

______________________________________________

______________________________________________

Speltoets Datum: ____________

Diktee -rf -lf Datum: ____________

Nuus Datum: ____________

Besoedeling Datum: ____________________

Skryf 'n paragraaf van tien sinne oor besoedeling:

Datum: ______________

Verryking, nasorg en aanvullende werk


Kreatiewe werk

Teken die gedig "**Die vuil meer**":

Week 5 Datum: ____________


## Wie, wat en waar?

Kyk na die kaart en bespreek in jou groep wat mense by elke plek doen.



Kyk na die simbole op die kaart. Teken die simbole op die kaart op bladsy 42 op die regte plek.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| hospitaal | polisie | skool | parkering | spoorweg |
| poskantoor | kerk | stasie | park | kampeerterrein |



Besoedeling en kieme Datum: ______________

Kyk na die prente en beantwoord die vrae:

1. Hoeveel kieme  sien jy in die eerste prent?

______________________________

2. Noem vyf oorsake van besoedeling wat jy in die prent sien.

__________________ __________________


__________________ __________________

__________________

3. Noem twee oorsake van besoedeling by prent 2.


__________________________________________________

__________________________________________________



Woordeskat Datum: ____________

vraat
pens
pannekoek
tjank
poot
tjankbalie
vis
bangbroek
bek
vreet



## Dwars

1. 'n Kind wat baie huil, is 'n ____________
2. 'n Mens wat baie eet, is 'n ____________
3. Iemand wat baie bang is, is 'n ____________
4. Die blik is nou so plat soos 'n ____________
5. Die dogter swem soos 'n ____________


## Af

1. 'n Mens het 'n mond, maar 'n dier het 'n ________
2. 'n Mens eet, maar 'n dier ____________
3. 'n Mens huil, maar 'n hond ____________
4. 'n Mens het 'n maag, maar 'n dier 'n ________
5. 'n Mens het 'n voet, maar 'n dier het 'n ________

Datum: ______________

- Nommer die prente in die regte volgorde.
- Skryf 'n sin by elke prent.
- Gee jou eie opskrif vir die storie.

Opskrif: ________________________________




☐ ________________________________

________________________________

________________________________

________________________________




☐ ________________________________

________________________________

________________________________

________________________________





☐ ________________________________


________________________________


________________________________


________________________________




















Datum: ____________

**Skryf die woorde in die regte volgorde:**

1. rivier die vis vang baie 'n groot Piet in

   ______________________________

2. sit Ou hoog rots Bobbejaan en droog die op

   ______________________________

3. skool As sluit gaan die reis ons ver

   ______________________________

4. speel graag poppe Sarie so haar met


   ______________________________

5. motor Pappa blink se die nuwe son in

   ______________________________

Breinkaart Datum: ____________

Skryf die dinge neer wat besoedeling veroorsaak.



Speltoets Datum: ______________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Diktee Datum: ______________

**Jy is die juffrou. Maak die foute met 'n rooi kleurpotlood reg:**

tusen die berghe lê 'n pragtige plas. Dit is karel se plas en hy boor met tweehonderd beste. hy het ook twoontig melkkooie wat somer baja liters mellk gee. jan en petrus is twee beeswagters wat ellke daag die beste velt toe jaag en hulle daar opas

Nuus Datum: ______________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Datum: ____________________

Verryking, nasorg en aanvullende werk

Kreatiewe werk

Week 6 Datum: ____________

## Buitemuurse aktiwiteite:

Tel hoeveel maats neem deel aan 'n aktiwiteit en kleur die blokkies in.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 14 | | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | |
| 1 | | | | | | | | |
| 0 | Netbal | Sagtebal | Rugby | Krieket | Atletiek | Drama | Swem | Koor |

Kyk na die piktogram en beantwoord die vrae.

- Wat is die gewildste naskoolaktiwiteit? ____________
- Van watter aktiwiteit hou jou maats die minste? ____________
- Hoeveel kinders hou van drama? ____________
- Van watter naskoolaktiwiteit hou jy die meeste? ____________



Sinne Datum: ______________


Maak tien sinne met die sigwoorde van die week.




## Pret met diere Datum: ____________

Trek 'n lyn van elke dier tot by die plek waar hy woon:

1  a 

2  b 


3  c 

4  d 

Vorm die diername met die letters:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | EOVL | _ o _ _ |
| 2. | APA | _ a _ |
| 3. | YB | _ y |
| 4. | TFNLOAI | _ _ _ f _ _ _ |
| 5. | OLNYFD | _ _ _ _ y _ |
| 6. | NNYOK | _ o _ _ _ |
| 7. | LARLIGO | _ _ _ _ _ o _ |
| 8. | PDAAD | p _ _ _ _ |
| 9. | TAK | _ _ t |
| 10. | ELEU | _ _ e _ |

## Elke dier is spesiaal




**Af**

1. Dié dier het 'n lang slurp.
2. Dier met 'n baie lang nek.
3. Dié dier is dol oor peisangs.
5. Kan onder die water swem, op land loop en seer byt.
8. Die koning van die oerwoud.

**Dwars**

4. Beweeg stadig en het 'n dop.
6. 'n Dier wat graag wortels en suikerklontjies vreet.
7. 'n Gestreepte dier wat soos 'n perd lyk.
9. Party mense sê dié dier het nege lewens.
10. Dié dier leef in die koue en waggel.
11. Die mens se beste vriend.

'n Brief Datum: ____________

Skryf vir jou maat 'n brief om te vertel dat jy waterpokkies gehad het en hoe jy gelyk het.

Jou adres:

______________________

______________________

______________________

______________________

Vandag se datum: ____________

Liewe

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Jou maat

____________________

Datum: ______________


Rangskik die woorde alfabeties:

1. lemoene piesangs druiwe suurlemoene
appels nartjies vye koejawels

_______ _______ _______ _______

_______ _______ _______ _______

2. muise ape leeus voëls
donkies skape katte honde
perde bokke



_______ _______ _______ _______

_______ _______ _______ _______

_______ _______

3. Skryf ses van jou eie woorde neer en rangskik dit alfabeties:

__________ __________

__________ __________

__________ __________

Speltoets Datum: ___________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

Diktee -kie Datum: ___________

**Kies die regte woord en onderstreep dit:**

1. Ek het 'n (dorinkie, doringkie) in my voet.
2. Jan gee die apie 'n (piesangkie, piesankie) om te eet.
3. Die baba slaap op 'n sagte (kussinkie, kussingkie).
4. Die kerk het 'n klein (torinkie, toringkie).
5. Ek het die teestel se pieringkie, pierinkie) gebreek.
6. Ek het 'n klein (palingkie, palinkie) in die rivier gevang.

Nuus Datum: ___________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

Datum: ______________

Verryking, nasorg en aanvullende werk

Kreatiewe werk

Skryf twee sinne uit jou leesboek hier: